DAG-TOT-DAG-GEBEDSGIDS: NOVEMBER 2008

Saterdag 1 November 2008

Sendingfokus: Bid vir die SA sendelinge in Thailand

Hulle skryf: Ons is bemoedig omdat God besig is om Sy kerk in Thailand uit te bou. Dit is nou die tyd dat baie jong mans by die priesterskap aansluit met die doel om geestelik verlig te word soos wat hulle in die Boeddhisme geleer word. God bly getrou en voorsien gereeld geleenthede om met Thailanders wat 'n oop gemoed het om te luister, oor Bybelse waarhede te praat. Vertrou saam met ons dat baie van hulle hulle geloof in Christus as Here en Verlosser sal plaas. (Joseph and Edwina Charles, P.O. Box 15, Sisatchanalai 64130, Sukhothai, Thailand. E-pos: jecharles2003@yahoo.com). Dank die Here vir hierdie getuienis. Hou aan bid vir die werk wat hulle doen, hulle gesin en hulle gesondheid. Bid ook dat die jong mans Jesus in hulle soeke na spiritualiteit sal ontmoet.

Gebedsfokus op die *Vervolgde Kerk*

Vir die volgende dertig dae gaan ons fokus op 30 van die 50 verskillende lande waar Christene vervolg word. Besoek gerus http://www.opendoorsuk.org/resources/country-profiles.asp vir meer inligting.

Eerste op die Wêreldvervolgingslys: Noord-Korea

Oorsig: Vir miljoene mense bly die daaglikse lewe bitter swaar. Vir die vyfde agtereenvolgende jaar is hierdie land die moeilikste land om 'n Christen in te wees. Meer Christene is in 2006 gearresteer as in 2005. Tans is daar 500 000 Christene in strafkampe, baie word gemartel en party staar die dood in die gesig. Ander trotseer enorme gevare om na Sjina te probeer vlug. As hulle daarin slaag, kan hulle deur Sjina teruggestuur word, waar strafkampe of erger dinge op hulle wag.

Gebed: Bid dat Christene in Noord-Korea tydens hierdie genadelose vervolgings vas sal staan in die geloof. Bid tot God dat Hy Hom op wonderbaarlike maniere aan Kim Jong-il en die Noord-Koreaanse regering sal openbaar. Bid dat die Christene wat gearresteer en gemartel word en in arbeidskampe aangehou word, God se teenwoordigheid, liefde, vrede en ook ingrype sal ervaar.

Sondag 2 November 2008

Memoriseer

Ek sal hulle die insig gee om My te ken. Ek is die Here! Hulle sal my volk wees en Ek sal hulle God wees, want hulle sal heelhartig na My toe terugkom (**Jer.24:7**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling (verv. 26 Okt.)

Stap 5: Publikasie: Nadat die vertaling in die praktyk getoets en hersien is, word die teks noukeurig geproeflees en geredigeer voordat dit geset en gedruk word. Daarna volg die massaverspreiding. (Webruimte: http://www.wbtc.com/site/PageServer?pagename=Bible_Translation_Process). Na die lang proses van vertaling, is dit die laaste uitdaging. Bid dat die spanne gefokus en ywerig sal bly om die taak te voltooi. Bid dat elke enkele fout raakgesien en noukeurig reggestel sal word. Bid vir God se teenwoordigheid om te waak oor die proeflees, redigering, setwerk, druk en effektiewe verspreiding van elke Bybel wat in elke taal voltooi is. Bid asseblief dat nie een Bybel verlore sal gaan of vernietig sal word nie, maar dat dit God se doel onder die mense vir wie Hy dit voorberei het, sal verwesenlik.

Tweede op die Wêreldvervolgingslys: Saoedi-Arabië

Oorsig: Onder hierdie koninkryk se streng interpretasie van die Islamitiese wet, is geloofsversaking (om die Islam-geloof op te sê) strafbaar met die dood. Openbare nie-Moslemaanbidding is verbode. Feitlik al die Christene wat in Saoedi-Arabië woon, is uitgeweke werkers. In 2006 is vier Christene uit Oos-Afrika in hegtenis geneem toe hulle byeengekom het om te bid. Hulle is daarvan aangekla dat hulle "vir Moslems gepreek het, besig was om kerke te stig en vrouens en mans saam bymekaargebring het om te bid". Hulle is vir langer as 'n maand in haglike omstandighede aangehou en daarna gedeporteer.

Gebed: Bid vir Saoedi-Arabiese Christenbekeerlinge, dat hulle in hulle geloofsverhouding met Jesus Christus sal groei. Prys die Here dat Christelike kommunikasiemedia – radio, satelliet, televisie en die Internet dit nou vir Moslems moontlik maak om die evangelie te hoor.

Maandag 3 November 2008

Gebedsfokus op redding: Prokureurs en advokate

Leer my U pad, Here, ek wil wandel in U waarheid; leer my U met toewyding dien (**Ps.86:11**).

Hierdie mense oefen geweldige invloed uit in die herstel van reg en geregtigheid. Hulle word dikwels in die versoeking gestel om nie te doen wat reg is nie ter wille van hulle ego of vir geldelike gewin of prestige. Bid vir advokate en prokureurs, dat hulle hulle heelhartig aan die Here sal oorgee en dat hulle waarheid en geregtigheid bo hulle eie begeertes sal stel. Bid dat hulle geregtigheid en waarheid sal liefhê (**Ef.5:8-9**).

Derde op die Wêreldvervolgingslys: Iran

Oorsig: President Ahmadinejad se regime en die moontlikheid dat Iran kernwapens gaan ontwikkel, het wêreldwyd aandag getrek. Die Sjaria-wet word toegepas en alhoewel Christene deel is van 'n erkende godsdienstige minderheidsgroep wie se godsdiensvryheid gewaarborg is, is daar nogtans gevalle waar opsluiting, teistering en diskriminasie as gevolg van die Christengeloof gerapporteer is. Sommige Moslembekeerlinge is in hegtenis geneem en etlike weke aangehou en daarna gedwing om groot bedrae geld aan borgtog te betaal.

Gebed: Prys die Here vir die vrylating van Hamid Pourmand in Julie 2006, nadat hy 22 maande in die tronk aangehou is toe hy valslik daarvan aangekla is dat hy sy geloof geheim gehou het. Bid vir Christengroepe wat verlede jaar geteiken is omdat hulle hulle geloofsoortuigings onder Sjiïete Moslems verkondig het. Bid vir Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond wat die doodstraf in die gesig staar omdat hulle hulle tot die Christelike geloof bekeer het.

Dinsdag 4 November 2008

Twaalfde op die Wêreldvervolgingslys: Somalië

Oorsig: Die land gaan gebuk onder politieke onstabiliteit, indien nie algehele wetteloosheid nie. Daar is geen konstitusionele of wetlike beskerming van godsdiensvryheid in Somalië nie. Islam is die amptelike godsdiens en daar is groot sosiale druk om die Islamitiese tradisie te respekteer, veral in sommige plattelandse gebiede. In 2006 is ten minste ses Christene as gevolg van hulle geloof om die lewe gebring. Die meeste van hulle het 'n Islamitiese agtergrond gehad en is om die lewe gebring toe dit aan die lig gekom het.

Gebed: Bid vir 'n nuwe tydperk van stabiliteit en vrede in Somalië. Bid vir Christene wat hulle geloof in die geheim beoefen, dat hulle 'n geloofsgemeenskap sal vind en in hulle geloof sal groei. Die kinders van sommige Somaliese Christene wat na Kenia gevlug het, is na bewering deur Moslemfamilielede ontvoer en teruggeneem na Islamitiese instellings in Somalië vir "rehabilitasie". Tree asseblief dringend vir hulle in by die Here.

Woensdag 5 November 2008

Bio-tegniese sentrum om siektes te bekamp

The Centre for Proteomic and Genomic Research (GPGR), die eerste van sy soort in Suid-Afrika, wat by die mediese kampus van die Universiteit van Kaapstad, geopen is, bied plaaslike navorsers 'n wonderlike geleentheid vir die navorsing en bekamping van 'n verskeidenheid siektes. Navorsing fokus tans daarop om 'n nuwe en verbeterde molekulêre diagnostiese merker te vind vir siektes soos malaria, leukemie en kolo-rektale (colorectal) kanker. Navorsers is ook besig om te probeer vasstel wat die moontlike gesondheidsrisiko's verbonde aan bv. die ontwikkeling van geneties veranderde plante is. (Webruimte: http://www.southafrica.info/about/science/cpgr-070408.htm). Dank die Here vir die ontwikkeling van nuwe navorsings- en ontwikkelingsprojekte soos hierdie. Bid vir elkeen wat hierby betrokke is vir 'n openbaring van God se wysheid vir drastiese deurbrake. Vra dat baie mense a.g.v. daarvan oortuig sal word van God se Soewereiniteit en gered sal word. Bid ook dat Christene en nie–Christene nie skade sal opdoen ten spyte van genetiese manipulasie, besoedelde lug, water en kos! God bewaar ons te midde van gevaar. Hy is immers Almagtig!

Vierde op die Wêreldvervolgingslys: Maledive
Oorsig: Hierdie menigte klein eilandjies is een van die lande waar die minste evangelisasie gedoen is. Alle landsburgers is Moslems en niemand word toegelaat om enige ander geloof aan te hang nie. Die Sjaria-wet word toegepas. Islam word as 'n belangrike instrument beskou om nasionale eenheid te bevorder en die mag van die staat te handhaaf. Om jou tot 'n ander geloof te bekeer is verbode. Bekeerlinge kan hulle burgerskap verloor. Geen kerke mag opgerig word nie, hoewel buitelanders toegelaat word om hulle godsdiens privaat te beoefen, solank as wat hulle nie landsburgers aanmoedig om daaraan deel te neem nie.
Gebed: Ondersteun in gebed die handjievol inheemse Gelowiges wat hulle geloof geheim hou. Hulle het baie wysheid nodig. Vra die Here om aan die owerheid 'n wonderbaarlike openbaring van Jesus Christus te gee. Bybels mag nie ingevoer word nie – behalwe 'n eksemplaar vir 'n toeris se persoonlike gebruik. Bid dat God se Woord vir die mense van die Maledive beskikbaar gestel mag word.

Donderdag 6 November 2008
Sesde op Wêreldvervolgingslys: Jemen
Oorsig: Die grondwet waarborg godsdiensvryheid, maar verklaar ook Islam as staatsgodsdiens. Die Sjaria is die basis van alle wetgewing. Die regering laat uitgewekenes 'n mate van vryheid toe om hulle godsdiens te beoefen, maar Jemen-landsburgers word nie toegelaat om die Islamgeloof te laat vaar nie. 'n Bekeerling uit 'n Moslemagtergrond kan die doodstraf opgelê word as dit aan die lig kom. Verlede jaar is 'n hele aantal Christenbekeerlinge in hegtenis geneem en fisies aangerand as gevolg van hulle geloof.
Gebed: Bid tot God vir die beskerming van 'n handjievol bekeerlinge uit Islam wat met die dood gestraf kan word as dit ontdek word. Ten minste een bekeerling het sy nuwe geloof opgesê as gevolg van intensiewe druk wat op hom uitgeoefen is. Bid dat hy van God se teenwoordigheid en Sy vergifnis bewus sal wees. Bid dat die Here Hom aan baie ander bekend sal maak.

Vrydag 7 November 2008
Gebedsfokus op wêreldrentmeesterskap: Vergadering van Ministers van Finansies en Presidente van Sentrale Banke: Salvador, Brasilië, 8-9 November 2008
Die lede van die *G-20* is ministers van finansies en presidente van sentrale banke van 19 lande: Argentinië, Australië, Brasilië, Kanada, Sjina, Frankryk, Duitsland, Indië, Indonesië, Italië, Japan, Meksiko, Rusland, Saoedi-Arabië, Suid-Afrika, Suid-Korea, Turkye, die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika. (Webruimte: http://www.g20.org/G20/). Bring elke persoon in hierdie raad deur gebed na God. Bid vir hulle redding en dat die Here se wysheid en Sy agenda oor die volgende twee dae sal seëvier en dat hulle sake op die agenda doeltreffend en eerlik sal aanpak.

Vyfde op die Wêreldvervolgingslys: Bhoetan
Oorsig: Offisieel bestaan die Christelike geloof nie en Christene word nie toegelaat om in die openbaar te bid of fees te vier nie. Selfs huisbyeenkomste waar 'n paar gesinne byeen kom, word deur die regering verbied. Visums vir godsdienswerkers om Bhoetan binne te kom word nie goedgekeur nie en die invoer van gedrukte godsdienstige materiaal word verbied. Slegs Boeddhistiese lektuur mag die land ingebring word. Die samelewing oefen groot druk op individue uit om aan Boeddhistiese norme te voldoen. Teistering en druk deur Boeddhistiese ekstremiste kom in sekere gebiede voor.
Gebed: Prys die Here dat twee gevange Bhoetanese Gelowiges in Julie 2006 vrygelaat is. Bid vir die gesagdraers en die Boeddhistiese leiers wat Christene verdruk en aanrand. Christenleiers het God se leiding en beskerming nodig terwyl hulle Christengelowiges help om standvastig te wees.

Saterdag 8 November 2008
Sewentiende op die Wêreldvervolgingslys: Viëtnam
Oorsig: Die regering is gretig om die beeld te skep dat menseregte gehandhaaf word en dat godsdiensvryheid bestaan. In die praktyk word 'n registrasiestelsel egter gebruik waarmee godsdienstige groepe onder streng beheer gehou word. Op die sentrale hoogland bestaan die siening dat die evangeliese Christendom bande met onafhanklikheidsbewegings

het. 'n Regeringsdokument dui aan dat hulle doel is om die groei van die kerk in hierdie gebied "te bestuur, te beperk en om te keer". Volgens berigte duur arbitrêre arrestasies, teistering en boetes steeds voort.
Gebed: Bid vir Christene in afgeleë gebiede waar intense vervolging voorkom – hulle het God se krag en wysheid nodig. Bid vir die werkers van *Geopende Deure* wat Christelike lektuur versprei, insluitend die nuwe Kinderbybel. Vra vir God dat alle kerke toegelaat sal word om te bestaan sodat alle Gelowiges in vryheid sal kan aanbid.

Vroue-wat-bid: In die oog van die storm saam met God

Gee tog ag op my geroep, Here, gee my insig soos U beloof het (**Ps.119:169**).
Jare gelede het een van ons studente vriendinne lank voor ons almal getrou. Na 'n rukkie het ons 'n reünie gehou en lekker gesels oor dit wat met ons gebeur het. Ons wou natuurlik alles oor die getroude lewe weet en sy het vir ons baie vertel. Een van die dinge wat sy gesê het en ek die beste onthou, is dit*: God het vir my gewys dat wanneer my man by die huis kom, ek vir hom 'n hawe in die storm moet wees en nie 'n storm in die hawe nie!*

As vroue is ons dikwels onder groot druk en daar word baie van ons verwag. Ons is die eerstes wat soggens opstaan en dikwels die laastes wat saans tot rus kom. Vandag vra God vir jou en my 'n vraag: veroorsaak jou lewe 'n storm of is jy soos 'n hawe? Jy hoef nie getroud te wees om dié eienskap in jou lewe te begeer of te kweek nie. Ek hoop die volgende gedagtes sal jou inspireer om te besef van watter groot belang 'tyd met die Here' in die lewe van 'n vrou is. Tyd met die Here help ons om weer asem te haal, reguit te dink en die belangrikste van alles: om God se stem duidelik te hoor juis oor die dinge wat ons dikwels dryf om soos 'n storm of soms selfs soos 'n vernietigende tornado te woed! Die enigste manier om 'n tornado te oorleef, is om die oog daarvan te vind en daar te skuil. In ons geval beteken dit tyd maak met die Here om in Sy teenwoordigheid in te kom.
'n Paar wenke oor hierdie skuilplek; verander die manier waarop jy na tyd kyk:

1. **Stiltetyd:** Dit is nie 'n luukse nie, dit is 'n noodsaaklikheid**.** Begin met net 30 minute elke tweede dag. Hou 'n notaboek byderhand en skryf alles wat in jou hart opkom neer. Begin daaroor bid. Hoe meer dikwels jy dit doen, hoe meer vrede sal jy in jou hart en gedagtes kry. Ek vind dat die neerskryf van my gebede my help om te verstaan hoe die Here my lei oor die dinge waaroor ek moet bid en hoe Hy daaroor voel. Daar mag ander metodes wees wat beter vir jou sal werk, maar probeer tog dié metode ten minste 2-3 maande lank.
2. **Vas:** Van kos as dit is soos die Heilige Gees jou lei. MAAR – belangriker as enigiets anders – hou op rondhardloop! Verander jou gewoontes as dit nodig is. Neem 'n vaste besluit om te loop en nie te hardloop nie, om jou tee klaar te drink voordat jy die volgende ding doen, WEES RUSTIG! Hou op jaag. Ek weet ons vrouens kan drie goed tegelyk doen, maar probeer om een ding op 'n slag te doen vir ten minste een dag per week! Selfs as ons net fisies stadiger beweeg, sal daar meer vrede in ons harte kom. 'n Bietjie beplanning van ons daaglikse aktiwiteite sal ook nie skade doen nie.
3. **Seën iemand**: Dit hoef nie 'n iets groots te wees nie. Wanneer jy by jou man verbyloop, of by die kinders of verby 'n vriendin of 'n kollega, sit net vinnig jou hand op haar kop of skouer en sê: Die *Here seën jou.* So sal jy hulle vir 'n oomblik tot stilstand laat kom om aan die Here te dink en te wonder hoekom jy dit gedoen het! (Dit is buitendien 'n goeie gewoonte en dit maak van jou 'n gehoorsame dienskneg van Jesus Christus)! (**Num.6:24-27**). Vra vir die Here om jou dinge te wys wat jy vir mense kan doen, eenvoudige dinge, wat nie onnodig beslag op jou tyd sal lê nie. Jy kan ook mense in stilte seën as jy by hulle kantore verbyloop, by die skool verbyry of mense soos bv. jou kinders, vriende en familie wat nie naby jou is nie, met voorbidding seën.
4. **Tyd af:** Dit is nie altyd moontlik nie, maar kyk of jy ten minste een keer in 6 maande 'n dag of 'n halfdag opsy kan sit net om te bid en die Here te prys. Probeer om dit met jou man, gesin en vriende te reël. Gaan na 'n plek waar niemand jou kan pla nie en skakel jou selfoon af. Vat jou Bybel, 'n notaboek en aanbiddingsmusiek of jou musiekinstrument saam. Begin deur alles wat jou pla, neer te skryf. Aanbid die Here solank as wat jou hart begeer. Prys die Here vir Sy goedheid en maak seker dat jy neerskryf wat Hy vir jou wys gedurende die tyd van aanbidding. Gebruik die res van die tyd om lekker lank Bybel te lees en oor al die dinge te bid wat in jou hart opkom.
5. **Hou aan:** Sorg vir jouself deur gereeld tyd saam met die Here deur te bring.
6. **Hou op!** Wat is daar wat jou die meeste omkrap? Maak NOU DADELIK 'n lys! Soek die Here se beloftes wat twyfel, vrees, stryd ens. aanspreek. Skryf nou 'n spesifieke belofte langs elke probleem neer. Begin om die waarheid van die Woord van die Here oor jou probleme te spreek. Verklaar volgens die beloftes van God die waarheid en die

liefde van God oor jou uitdagings en jou probleme. Lê hulle voor Sy voete neer. Sodra jy agterkom dat jy weer die probleme self probeer dra, lê jy dit weer by Hom neer en hou daarmee aan totdat jy heeltemal vry is van jou probleme. Sodra nuwe probleme opduik, voeg jy dit by die lys. Wat jy ook al doen, moenie toelaat dat jy probleme in jou lewe huisves waaroor jy nie gebid het nie.

God, ons Vader en die Here Jesus Christus, ek gee nou my tyd, my liggaam, my verstand, my wil en my emosies vir U. Help my asseblief om stadiger te leef, om ander te seën, om tyd met U deur te bring en om die dinge wat my omkrap, te laat staan. Leer my U weë wat beter is as myne. Ek verlang na 'n innige verhouding met U, Here Jesus, wys my asseblief die pad. Help my om my tyd te beplan en gee my wysheid om my energie op so 'n wyse te gebruik dat dit U Naam verheerlik. In Jesus se Naam bid ek. Amen.

Kerk fokus: Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk (IDOP)

Hierdie wêrelddag van intersessie vir vervolgde Christene wêreldwyd is vir die eerste keer in 1966 gehou. Van 'n kerngroep van ongeveer 7 000 kerke het die *IDOP* gegroei tot die grootste gebedsdag van sy soort ter wêreld. Die primêre fokus is intersessie en praktiese betrokkenheid by Christengemeenskappe wat vervolg word asook gebed vir die bekering van die verdrukkers, die nasies wat Christene vervolg en vir die wat die vervolging ignoreer.

In November fokus ons deur gebed op die *Vervolgde Kerk*. Internasionale statistiek bewys dat ongeveer 150 000 Christene elke jaar vir hulle geloof gemartel word. Meer as 200 miljoen Christene kan nie vryelik hulle Christelike geloof uitleef nie. Daar is 'n toenemende aanslag op Christene wêreldwyd. Meer en meer lande aanvaar wetgewing wat dit al moeiliker maak vir Christene om hulle geloof uit te leef en wetgewing wat hulle verhinder om vrylik bymekaar te kom. Daar is ook konstante pogings om die Bybel te verban.

Hierdie jaar val die *Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk* op 9 & 16 November. (Webruimte: http://www.idop.org/). Sluit aan by miljoene Christene wat vanjaar vir die *Vervolgde Kerk* gaan bid.

Sondag 9 November 2008

Memoriseer

Ek het wagte op jou mure uitgesit, Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan Sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie. Julle moenie stilbly nie totdat Hy Jerusalem herstel het, totdat Hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het (**Jes.62:6-7**).

Gebedsfokus op die kerk: *Internasionale Dag vir Gebed vir die Vervolgde Kerk (IDOP)*

Die *IDOP* is 'n wêrelddag vir intersessie vir Christene wat wêreldwyd vervolg word en het in 1996 tot stand gekom. Uit 'n kerngroep van ongeveer 7 000 kerke het *IDOP* gegroei tot die grootste gebedsgebeurtenis van dié aard ter wêreld. Die primêre fokus is intersessiegebed en burgerlike optrede in belang van vervolgde gemeenskappe van die Christelike geloof en ook om te bid vir die siele van die onderdrukkers, die nasies wat onderdrukking bevorder en ook vir diegene wat die onderdrukking nie wil raaksien nie. Ons weet dat gebed sake verander. Presies wat gebeur, is 'n misterie van God. Die Here nooi ons uit om met ons versoeke na Hom te kom en om sonder ophou na Hom te roep. Christene wat vervolg word, pleit dikwels dat daar vir hulle gebid moet word sodat hulle die vervolging kan deurstaan. Die meeste wat ons kan doen, is die minste wat ons kan doen – bid. (Webruimte: http://www.idop.org/). Word vandag deel van miljoene Christene wat vir die *Vervolgde Kerk* bid.

Agtste op die Wêreldvervolgingslys: Laos

Oorsig: Laos is 'n uiters arm kommunistiese staat. Die grondwet maak voorsiening vir godsdiensvryheid, maar plaaslike amptenare kan dit na willekeur interpreteer. Die regime plaas beperkings op die aantal kerke wat oop mag wees en sluit ook gereeld kerke, veral op die platteland. Gelowiges word noukeurig dopgehou. Daar is egter tog tekens van verbetering: verlede jaar was die vervolging minder brutaal as voorheen. Daar word nog steeds minstens tien Christene as gevolg van hulle geloof in die tronk aangehou.

Gebed: Prys die Here dat die kerk in Laos steeds groei ondanks vervolging en druk. Bid dat diegene wat in die tronk aangehou word, getrou sal bly en vrymoedig sal getuig. Bid tot die Here vir die veiligheid van almal wat saam met en deur die kerkleiers werk om die kerk te versterk.

Maandag 10 November 2008

Gebedsfokus op redding: Sekretaresses

Ons vermy praktyke wat nie die lig kan verdra nie en waarvoor ons ons sou moes skaam. Ons gaan nie met bedrog te werk nie en ons vervals nie die Woord van God nie (**2 Kor.4:2**). Daar is elke dag duisende sekretaresses in die land aan die werk. Hulle het dikwels toegang tot baie private inligting omtrent hulle base en diegene met wie hulle assosieer. In heeltemal te veel gevalle het sekretaresses hierdie inligting tot hulle eie voordeel aangewend. In baie gevalle raak die baas en die sekretaresse in 'n verhouding betrokke. Bid vir die redding van die sekretaresses, dat hulle hulle vreugde en beskerming in die Here sal vind, dat hulle hulle emosionele laste aan die voete van die Here sal neerlê en dat hulle waar nodig genesing van die Here sal kry. Bid dat hulle rein en heilige lewens sal lei en nie by sondige fisiese verhoudings by die werk betrokke sal raak wat vernietigend vir hulle huwelike en gesinne sal wees nie.

Sewende op die Wêreldvervolgingslys: Afganistan

Oorsig: Namate die gevegte met die Taliban voortduur, is groot gebiede nie meer onder die beheer van die regering nie. Daar is geen kerke nie, min Christene en openlike evangelisasie is onwettig. Die nuwe grondwet waarborg godsdiensvryheid, maar verbied bedrywighede wat "strydig is met die opvattings en bepalings van Islam". Een gelowige, Abdul Rahman, is vrygestel van teregstelling vir geloofsversaking, nadat hy geestelik onbevoeg verklaar is om verhoor te word. Sy verhoor het aanleiding gegee tot verdere arrestasies en die teistering van ander Afgaanse Christene.

Gebed: Bid vir die Afgane wat hulle tot Christus wend – hulle word dikwels deur familie en die samelewing onder druk geplaas om terug te keer na Islam en word dikwels herhaaldelik onderwerp aan mondelinge verguising, intimidasie, fisiese aanranding, werkloosheid en selfs gevangenskap. Bid tot die Here vir moed en beskerming, geestelik en fisies, vir kerkleiers. Bid vir almal wat die evangelie met woord en daad aan ander verkondig.

Dinsdag 11 November 2008

Negende op die Wêreldvervolgingslys: Oesbekistan

Oorsig: Sedert die onderdrukking van die Andijan-opstand in 2005 het die verhouding met Westerse lande versleg. Televisie beeld Christene op 'n baie negatiewe manier uit: hulle word beskou as volgelinge van 'n Westerse godsdiens of 'n ekstremistiese sekte. Derhalwe verkeer die paar duisend gelowiges in Oesbekistan onder groot druk. In 2006 is talle uitgeweke Christenwerkers uit die land gedeporteer. 'n Nuwe wet straf die druk van godsdienstige boeke met drie jaar tronkstraf.

Gebed: Bid vir Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond wat onder druk verkeer om hulle nuwe geloof te versaak en wat in die openbaar verneder en uit hulle huise en werk verdryf word. Bid vir die Here se seën op onderwysers en studente by kweekskole en Bybelskole. Vra die Here vir die veilige druk en verspreiding van Bybels en ander Christelike materiaal.

Woensdag 12 November 2008

Tiende op die Wêreldvervolgingslys: Sjina

Oorsig: Daar bestaan 'n mate van beheerde vryheid in die amptelike kerke, maar die meeste Sjinese Gelowiges behoort aan ongeregistreerde huiskerke en kan boetes opgelê, gearresteer en gefolter word, in dwangarbeidkampe geplaas of selfs tereg gestel word. In 2006 is minder klopjagte op huiskerke uitgevoer, maar daar was meer sluitings en slopings as in 2005. Die nuwe taktiek is dat die huiskerkleiers langer aangehou word, terwyl gewone kerklidmate na kort ondervraging vrygelaat word; daar is dus minder inhegtenisnemings, maar groter druk word op die leiers uitgeoefen.

Gebed: Prys die Here dat die kerk besig is om te groei – sommige skat dat daar daagliks 20 000 nuwe Gelowiges in Sjina bykom. Bid vir beskerming teen dwaallering. Bid dat die Here meer leraars, evangeliste en Sondagskoolonderwysers sal roep en toerus. Vra dat die Here spoedig die gebede vir Sjina sal verhoor wat gedurende die *2008 Olimpiese Spele* tot Hom gerig is.

Donderdag 13 November 2008

Elfde op die Wêreldvervolgingslys: Eritrea

Oorsig: Die meeste Christene behoort aan die Ortodokse Kerk. Die regering lê streng beperkings op godsdiensvryheid vir ongeregistreerde groepe, insluitend die betreklik klein evangeliese kerke. Meer as 2 000 Christene verkeer in tronke (party word in skeepskratte aangehou)! sonder dat hulle amptelik aangekla is of toegang tot 'n regsproses het. Baie van hulle word geslaan en fisies deur die polisie aangerand. Twee van hulle is twee dae nadat hulle gearresteer is omdat hulle 'n diens in 'n privaat huis gelei het, doodgemartel.

Gebed: Dink aan diegene wat in tronke aangehou word en aan hulle gesinne wat angstig wag om iets van hulle te hoor. Bid vir wysheid, krag en moed vir kerkleiers en hulle gemeentes te midde van intimidasie. Vra dat die Here die gesindheid van die owerheid sal verander sodat hulle in geregtigheid en tot die beswil van alle Eritreërs sal regeer.

Vrydag 14 November 2008

Fokus op geestelike gesondheid: Verslawing aan dobbelary

Kompulsiewe dobbelary begin as ontspanning en ontwikkel stadig tot die punt waar dit ernstige gevolge het vir die dobbelaars en hulle gesinne. Kompulsiewe dobbelary het 'n drie-voudige invloed op die dobbelaar: verstandelik, fisies en geestelik, met ontkenning as die belangrikste simptoom en verlies van beheer as die belangrikste karaktereienskap. Beskikbaarheid en toeganklikheid bepaal hoeveel mense sal dobbel. Hoe meer toeganklik die fasiliteite is, hoe groter is die aantal mense wat sal deelneem en hoe groter is die risiko van kompulsiewe optrede. (Webruimte: http://www.health24.com/mind/Sexual_dysfunction/1284-1300,14269.asp). Bid vir die mense wat verslaaf is aan dobbel, ongeag of dit by dobbelhuise, klubs of op enige ander plek is. Bid dat God hulle die waarheid en die realiteit van hulle optrede sal laat insien en dat hulle gewillig sal wees om hulp te soek. Bid ook vir arbeiders in hierdie oesland om mense wat bevryding nodig het te begelei.

Dertiende op die Wêreldvervolgingslys: Toerkmenistan

Oorsig: Sedert onafhanklikheidswording in 1991 het die inwoners van Toerkmenistan hulle Islamitiese erfenis laat herleef. Daar is slegs ongeveer 2 000 Toerkmenistanse evangeliese Christene. Hulle word dikwels beboet en gevange geneem wanneer hulle bymekaargekom het. Die gebrek aan Christelike hulpbronne, gemeenskap en onderrig laat baie geïsoleerd en mismoedig voel. Christene word gedreig, hulle kry nie werk nie en word geteister en aangerand. Kerke word gesluit, gekonfiskeer of gesloop. Christenstudente word verhinder om universiteit toe te gaan.

Gebed: Bid dat die jong kerk sal groei en sterker sal word te midde van die huidige swaarkry. Bid dat die Here wysheid en leiding sal gee aan diegene wat besig is met die vertaling van die Bybel en ander Christelike lektuur in verskeie tale. Vra vir God om in al die behoeftes te voorsien van die Christene wat sonder werk, geteister en ontmoedig is.

Saterdag 15 November 2008

Veertiende op die Wêreldvervolgingslys: Comore-eilande

Oorsig: Die grondwet maak voorsiening vir godsdiensvryheid, maar in die praktyk word dit geskend. In Mei 2006 het die nuutverkose President hom tot 'n "groen Islamitiese rewolusie" verbind. In dieselfde maand is vier lede van die klein evangeliese Christenminderheid vir drie maande in die tronk opgesluit. Die polisie het hulle fisies aangerand om hulle te dwing om hulle geloof prys te gee. Moslemfundamentaliste het volgens berigte aangedring op hulle teregstelling vir die "misdaad" van betrokkenheid by die Christelike geloof. Dit was 'n nuwe vlak van druk wat op Gelowiges toegepas is.

Gebed: Bid dat die kerkleiers geïnspireerd en toegerus sal wees vir die taak. Bid dat die President en sy regering se houding teenoor die Christene sal versag. Bid vir die veilige verspreiding van Bybels en ander materiaal.

Hoe om te bid vir die persoonlike behoeftes van mense

Om vir mense se persoonlike behoeftes te bid, vir daardie dinge waarmee mense van dag tot dag in hulle lewens worstel, is een van die grootste voorregte van Christene en ook een van die beste geleenthede om vir mense te wys dat ons vir hulle omgee en hulle liefhet, en dat Jesus vir hulle gekom het en hulle liefhet. Minder as 10% van alle mense is normaalweg gereed vir 'n direkte gesprek oor Jesus Christus en hulle verlossing, maar bykans 97% van alle mense is altyd gewillig dat jy vir hulle bid oor die behoeftes, probleme en die uitdagings wat hulle op daardie oomblik beleef. Baie min mense sal gebed weier, veral as hulle spesifieke behoeftes het. Dit geld ook vir mense van ander godsdienste soos

Hindoes, Boeddhiste en Moslems. Ons wil jou aanmoedig om dit gereeld te doen – bid vir die behoeftes van Christene en nie-Christene met wie jy elke dag te doen het.

'n Paar wenke oor hoe om dit te doen:

1. Moenie 'n groot ophef maak nie. As jy mense ontmoet wat hulle behoeftes, kommer, probleme, uitdagings ens. met jou deel, bied aan om vir hulle te bid.
2. Dit werk die beste as jy net daar saam met hulle bid. Moenie wag tot jy by die huis is nie. Mense sien dat iemand omgee en dit help jou terselfdertyd om die vrymoedigheid te ontwikkel om dit te doen.
3. Vra vir die persoon of hy sou omgee as jy vir hom bid en bid dan 'n eenvoudige gebed. Wees sensitief sodat jy nie die persoon in verleentheid stel nie. Moenie hard en lank en baie demonstratief bid nie.
4. As jy die persoon weer na 'n dag of wat raakloop, vra hoe dit gaan en of daar enige vordering met die saak is waarvoor julle gebid het. Miskien is die deur oop om weer saam met hom/haar te bid. Jy kan ook belowe dat jy sal aanhou bid soos wat die Here jou lei. In hierdie stadium kan jy dalk vir die persoon 'n teksvers gee om hom/haar te bemoedig.
5. Dit is altyd goed om 'n seëngebed te bid as jy saam met iemand bid. Vra vir die Here om in die persoon se situasie in te gryp en om hom te seën. Christene is soms bang dat wanneer mens bid dat God iemand sal seën, ons so met sy/haar sonde saamstem (in gevalle waar mense in sonde lewe). Dit is egter nie so nie. As jy bid dat die Here iemand seën, bid jy dat die Here in Sy wysheid die persoon sal oortuig van sonde en dat Hy die persoon sal troos, gesond maak, hom sal omkeer en vir hom die regte pad sal wys.
6. Soveel mense maak van sulke geleenthede gebruik om "iemand na die Here te lei" (hulle probeer om die persoon gedurende die gebed of selfs voor die gebed te red) – moet dit nie doen as die Here jou nie direk so lei nie. Bid net. God werk op Sy eie manier. Mense het nodig om eers opregte liefde en empatie te ervaar voordat hulle hul harte oopmaak vir die boodskap van verlossing. (Die meeste mense maak eers 'n oorgawe om Jesus Christus te volg na 8 – 11 positiewe kontakte met Christene)!
7. Maak 'n gewoonte daarvan om daagliks vir mense te bid. Luister na hulle. Soek na geleenthede om gebed "aan te wend" vir hulle persoonlike behoeftes.
8. Jy kan ook meer doen as bid. As iemand se motor stukkend is, bied aan om die kinders skool toe te neem. As daar siekte in die huis is, neem vir hulle kos of bied aan om die wasgoed te was. Daar is so baie moontlikhede. Ons moet bid én doen. Soms kan ons niks vir die persoon doen nie, maar ons kan vir hom/haar bid. Ander kere kan ons vir iemand bid en iets doen om te wys ons gee om.

Hoe om vir siekes te bid

Toe Jesus Sy dissipels uitgestuur het, het Hy hulle beveel om die evangelie te verkondig, siekes gesond te maak, melaatses te reinig en dooies op te wek (**Matt.10:7**). As dissipels van Jesus het ons 'n baie duidelike opdrag om vir siekes te bid. In **Markus 16:17-18** lees ons: *Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo…hulle sal siekes die hande oplê en dié sal gesond word.* Ons lees ook in **Jakobus 5:14** dat ons vir die siekes moet bid en hulle met olie moet salf. Kom ons gryp elke geleentheid aan om vir siekes te bid. Moenie skaam of bang wees om dit te doen nie. Die Here luister na AL Sy kinders se gebede. Ja, dit is waar dat God 'n gawe van genesing aan sommige mense gee, maar dit beteken nie dat al sy ander kinders nie vir siekes kan of mag bid nie. Daagliks kom baie Christene in eenvoudige geloof na die Here en vra vir die genesing van hulle vriende, familie en ander siek mense – en hulle sien hoe God antwoord.

1. Moenie geïntimideer voel deur die siekte van die persoon vir wie jy bid nie. Kyk net eenvoudig op na God en vra Hom. Moenie probeer om vreeslike "geestelike" gebede te bid nie. Rig net jou hart op tot God en bid 'n eenvoudige gebed om te genees.
2. In sommige gevalle sal jy voel jy wil iemand met olie salf voor jy vir hom bid. Jy kan iets soos olyfolie gebruik. Sit net so 'n klein bietjie olie op die persoon se voorkop en vra die Here om hom te genees. (Verduidelik miskien vooraf vir die persoon waarom jy dit doen).
3. As jy vir iemand bid, kan jy, gelei deur die Heilige Gees, vir hom vra of sy lewe met die Here reg is – of daar enige onbelyde sonde, enige bitterheid of onvergewensgesindheid of enigiets anders is wat reggestel moet word. Help die persoon om dit uit die weg te ruim voordat jy vir hom bid. God werk op verskillende maniere. Soms, veral in die geval

van ongeredde persone, maak die Here die persoon gesond en die genesing bewys vir hom dat God omgee. So 'n genesingswonderwerk bring dikwels die persoon tot geloof in Christus Jesus.

4. Daar is verskillende maniere waarop die Here siekes gesond maak:
   - Die Here maak gesond deur die oplê van hande.
   - Die Here maak gesond deur salwing met olie en gelowige gebede.
   - Die Here maak soms mense gesond wanneer hul nagmaal gebruik.
   - God maak mense gesond in antwoord op voorbidding vir hulle.
   - God kan dokters en medisyne gebruik om mense gesond te maak.
   - God maak ook gesond as die persoon vir sy/haar eie genesing bid.

   Onthou altyd dat dit Hy is wat genees, en waar en wanneer Hý wil – maar Hy wíl genees!
5. Raak vertroud met sommige van die bekende Skrifgedeeltes oor genesing en bring daardie beloftes deur gebed voor die troon van God wanneer jy met vrymoedigheid na Sy troon van genade gaan vir hulp. **In Eksodus 15:26** noem die Here Homself Yahweh-Ropheka en dit beteken: die Here wat genees. Dit is God se Naam, dit is wie Hy is en dit is wat Hy vir ons kan en wil doen. Bid tot die God wat Homself Yahweh-Ropheka noem as jy vir die siekes bid. *Hy het gesê: "Julle moet goed luister na wat Ek, die Here julle God, sê! Julle moet doen wat reg is in My oë, gehoor gee aan My gebooie en alles doen wat Ek vir julle voorskryf. Dan sal Ek geeneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek, die Here, wat julle gesond hou."*
   - Hy vergeef al my sonde en genees al my siekte (**Ps.103:3**).
   - Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde (**Ps.147:3**).
   - Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is: dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam (**Spr.3:7-8**).
   - Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom (**Jes.53:4-5**).
   - Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle duiwels uitdrywe; in ander tale sal hulle praat; met hulle hande sal hulle slange optel en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê en dié sal gesond word (**Mark.16:17-18**).
   - Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir die gevangenis uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur (**Luk.4:18**).
   - As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing. As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderling van die gemeente laat kom en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here. En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word. Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking (**Jak.5:13-16**).

Sondag 16 November 2008

Memoriseer

Oor ons oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur Sý wonde het daar vir ons genesing gekom (**Jes.53:5**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Hoekom 'n maklik-om-te-lees-weergawe?

Die *Easy-to-Read Version* van die Bybel is aanvanklik voorberei om in die behoeftes van dowes te voorsien en is die eerste keer uitgegee as *The English Version for the Deaf*. Anders as horende kinders beskik die meeste dowe kinders nie oor 'n groot gesproke woordeskat teen die tyd dat hulle skoolgaande ouderdom bereik nie. Dit beteken dat dit vir hulle baie moeilik is om te leer lees. In baie gevalle beïnvloed hulle kennis van gebaretaal die aanleer en gebruik van gesproke taal. Met die hulp van konsultante wat kennis dra van kommunikasiepatrone onder dowes, het die vertalers van *The English Version for the Deaf* gepoog om hierdie patrone so na as moontlik in die Engels weer te gee. Dank die Here

vir hierdie werk. Vra dat baie dowes en persone met gehoorprobleme by hierdie vertaling sal baatvind. Vra dat dit ook nuttig gebruik sal word deur persone wie se huistaal nie Engels is nie.

Agtiende op die Wêreldvervolgingslys: Tsjetsjnië in Rusland
Oorsig: Die vlak van vervolging in die Tsjetsjniese deel van die Russiese Federasie het daartoe gelei dat dit as 'n spesifieke probleem geïdentifiseer is. Geen Tsjetsjniër kan openlik van geloof verander nie en veral vroue ondervind ernstige probleme wanneer hulle dit doen. Daar is baie min evangeliese Christene; nuwe bekeerlinge word deur familielede of die owerheid geteister as hulle geloof bekend word. Verlede jaar het 'n aantal gevolglik uit Tsjetsnië gevlug, terwyl ander probeer om 'n lae profiel te handhaaf.
Gebed: Bid vir heling en versoening tussen Russe en Tsjetsjniërs – die meeste Tsjetsjniërs neem aan dat Christene Ortodoks en derhalwe Russe is. Bid vir die baie Gelowiges wat geïsoleer is en onder druk van familielede ly. Bid vir die effektiewe versorging van Tsjetsjniese gelowiges sodat hulle in hul geloof kan groei.

Maandag 17 November 2008
Gebedsfokus op redding: Munisipale werkers
Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien! Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer (**Heb.9:14**).
Daar is duisende munisipale werkers reg oor die land wat feitlik elke dag van vroeg tot laat aan die werk is om die vullis uit ons voorstede te verwyder of openbare ruimtes in stede en dorpe skoon te maak en te versorg. Vra dat hulle getrou en toegewy in hulle werk sal wees en nie aan stakings sal deelneem nie. Bid dat hulle 'n openbaring van die bloed van Jesus sal hê wat ook hulle sondes weg was en wat hulle reinig sodat hulle voor God kan staan. Bid dat elkeen 'n persoonlike openbaring sal hê van die krag van God se Gees wat in ons werk en ook van die Here Jesus Christus. Bid ook dat hulle lone billik sal wees en dit hulle in staat sal stel om ver bokant die broodlyn te leef.

Vyftiende op die wêreldvervolgingslys: Pakistan
Oorsig: Islam is die staatsgodsdiens in Pakistan. Aanklagte van godslastering is 'n voortdurende bedreiging vir die beduidende Christenminderheid – die doodstraf is die voorgeskrewe straf vir enigeen wat daaraan skuldig bevind word dat hy Mohammed beledig het. Arrestasies en gevangenskap vir godslastering word gedoen sonder dat 'n lasbrief uitgereik hoef te word en sonder die moontlikheid van borgtog. Mishandeling tydens gevangenskap kom algemeen voor. Regsprosesse kan jare duur en verdagtes word dikwels vermoor.
Gebed: Loof die Here dat die doodstraf nog altyd deur die hoër howe ter syde gestel is. Loof die Here dat 'n Pakistanse hof in Januarie 2007 'n Christenverdagte vrygespreek het op 'n klag van "godslastering" op grond van geestelike onstabiliteit, terwyl nog een op dieselfde aanklag op borgtog vrygelaat is. Bid tot die Here om intersessors op te wek wat voortdurend sal uitroep vir geestelike deurbrake in Pakistan.

Dinsdag 18 November 2008
Opvoedings fokus: SA beplan meer universiteite
Suid-Afrika beplan om meer tersiêre instellings op te rig in 'n poging om te verseker dat 20% van die mense tussen die ouderdom van 18 en 25 jaar teen 2015 by die hoër opvoedingstelsel kan inskryf. Die Minister van Opvoeding Naledi Pandor, het gesê dat die stelsel meer as 100 000 bykomende studente tussen 2010 en 2015 sal moet inneem as die regering hulle doelwit wil bereik. (Webruimte: http://www.southafrica.info/about/education/highered-291107.htm). Bid dat die beperkings doeltreffend aangespreek sal word sodat die teiken van 820 000 bereik kan word teen 2010. Dank die Here vir pogings wat aangewend word om die opvoedingsvlak in die land te verhoog.

Negentiende op die Wêreldvervolgingslys: Egipte
Oorsig: Die Koptiese Ortodokse Kerk is 'n herinnering aan 'n grootse Christelike erfenis, maar tans ondervind nie-Moslems diskriminasie onder Egiptiese wetgewing. Daar word geen voorsiening in die wet gemaak vir bekering uit Islam tot 'n ander geloof nie en Christene met 'n Moslemagtergrond kom voor baie probleme te staan. Baie Christene word

aangemoedig of onder druk geplaas om hulle tot Islam te bekeer. Die situasie is veral baie moeilik vir Christene uit 'n Moslemagtergrond. Die regering maak dit moeilik om kerkgeboue te restoureer of op te rig.
Gebed: Bid vir Christenvroue wat met Moslemmans getroud is – dat die Here hulle sal versterk en hulle in staat sal stel om vir Hom te getuig. Bid vir die beskikbaarheid van materiaal, finansies, leiers en werkers vir die Egiptiese kerk en vir doeltreffende onderrig en dissipelskap. Bid vir die veiligheid van Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond.

Woensdag 19 November 2008
24-7 Fokus: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Bid vandag vir elke vrywilliger wat werksaam is by die verskillende kantore van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* in die land. Bid vir hul veiligheid, vir krag en gesondheid. Vra ook dat God in elkeen se behoeftes sal voorsien. Die druk en pos proses van die *Jerigo Mure Gebedsgids* het regtig verbeter. Kom ons sê dankie dat die Here ons gebede beantwoord. Bid ook dat God die visie om minstens een 24-7 gebedswag in elke land in Afrika te vestig sal vervul. Vra dat elke gebedseminaar blywende inslag sal vind en dat mense sal groei in hul persoonlike verhouding met God. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: http://www.jwipn.com/ of e-pos: info@jwipn.com).

Vyf en twintigste op die Wêreldvervolgingslys: Mianmar (Burma)
Oorsig: Mianmar het sedert 1962 'n onderdrukkende militêre diktatorskap en word wêreldwyd veroordeel vir die miskenning van menseregte. Die regerende regime, die *State Peace and Development Council*, is gevorm na aanleiding van die nasionalistiese slagspreuk van "Een ras, een taal, een godsdiens". As uitvloeisel van die praktyk van "een godsdiens" – Boeddhisme – word Christene sistematies geteister in 'n veldtog van diskriminasie, beperkings en vervolging (veral diegene uit etniese minderheidsgroepe).
Gebed: Bid dat Christene in Mianmar vas sal staan teen druk om hulle tot die Boeddhisme te bekeer. Bid dat die Here se teenwoordigheid vir Christene tasbaar waarneembaar sal wees in die etniese gebiede, veral in die state Chin, Kachin, Karen en Karenni, waar hulle 'n aansienlike gedeelte van die bevolking uitmaak en die meeste openlike en gewelddadige vervolging beleef.

Donderdag 20 November 2008
Ses en twintigste op die Wêreldvervolgingslys: Soedan (Noord)
Oorsig: Na die vredesooreenkoms wat dekades van burgeroorlog beëindig het, het die Noorde en Suide nou elkeen sy eie grondwet. Daar is beduidend minder godsdiensvryheid in die Noorde, waar die Islamitiese wet vir almal geld. Die regering bevorder gratis Islamitiese onderrig met die oogmerk om kinders en ouers aan te moedig om die Islamitiese godsdiens aan te hang. Christene in die Noorde vind dit moeilik om toestemming te verkry om 'n amptelike plek vir aanbidding te bekom.
Gebed: Bid dat die vrede sal standhou en dat die regering groter godsdiensvryheid vir die Christene sal implementeer soos beloof in die vredesooreenkoms. Bid vir Gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond wat dissipelskap en bemoediging nodig het. Bid vir die Soedanese kerk vir hernuwing, vergewensgesindheid, versoening en oorgawe aan die Here.

Vrydag 21 November 2008
Een en twintigste op die Wêreldvervolgingslys: Irak
Oorsig: Godsdiensspanning in Irak neem toe sedert 2006. Berigte van toenemende geweld word ontvang, spesifiek teenoor Christene. Baie Irakese beskou die Weste as Christelik en die Christene as medewerkers van die Weste. In 2006 is 'n hele aantal Christene vermoor, geteister of ontvoer. Daar is op kerke geskiet en bomme daarin geplant, protesoptogte is gehou en dreigemente teenoor nie-Moslems in Bagdad gemaak.
Gebed: Bid dat die Here die Irakese Gelowiges sal beskerm. Vra vir die veilige druk en verspreiding van Bybels en Christelike materiaal onder Irakese Christene. Baie kerkleiers is besig om die land te verlaat. Bid vir bemoediging onder die Christene wat agtergelaat word. Bid tot God dat Hy vrede en sekuriteit aan die mense van Irak sal gee.

Kinders-wat-bid: Bybels orals asseblief, Here!

Stel vir jou voor 'n lewe sonder 'n Bybel. Hoe sou jy ooit die verhaal van Jesus se liefde en **vergifnis** geken het? Hoe sou jy geweet het wat die Here wil hê jy moet doen? Hoe sou jy van gebed geweet het? Die Bybel is soos 'n lig wat vir ons die pad deur die lewe wys. Maar ongeveer 400 miljoen mense het nie die Bybel in hulle eie taal nie. Die meeste van hierdie mense is kinders. Baie tale het nie eers 'n vertaling van een Bybelversie nie. Dit is omdat sommige tale nie 'n alfabet het nie. As daar geen alfabet is nie, is daar geen geskrewe woorde nie. En as daar geen geskrewe woorde is nie, is daar geen Bybel nie. Die goeie nuus is dat honderde mense oor die wêreld werk as Bybelvertalers. Hulle vat die Woord en gedagtes van die Bybel en skryf dit oor in die woorde van 'n ander taal. Sommige vertalers is sendelinge wat na ver lande toe gaan om daar saam met die mense te leef, hulle taal te leer en te help met Bybelvertaling. Wil jy nie daaraan dink om van Maandag tot Vrydag vir die volgende sake te bid nie?

Vra jou ouers om vir jou 'n groot wêreldkaart te kry. Kyk of jy Indië, Sjina en Afrika kan vind. Elke aand of enige tyd as jy onthou, sit jou hand op hierdie lande en bid vir elke persoon wat daar woon om die Here Jesus te leer ken en sy eie Bybel te kry.

1. **Begrip:** Here, ek vra dat U Gees van wysheid en insig op die Bybelvertalers sal rus sodat hulle hul werk goed sal kan doen (**Jesaja 11:2, Spreuke 2:6**).
2. **Beskerming:** Vader, beskerm asseblief die Bybelvertalers teen gevare en siektes. Verlos hulle van die bose wat hulle kwaad wil aandoen (**Psalm 16:1, Spreuke 18:10, 2 Korinthiërs 11:26**).
3. **Verspreiding:** Vader, mag elke persoon wat nie 'n Bybel het nie, gou sy eie Bybel kry om te lees en gee dat hulle wat nie kan lees nie, na die Bybel sal kan luister op CD of kasset.
4. **Werkers:** Stuur mense wat die Bybel vir hulle wat U nie ken nie, kan vertaal, want hulle kan nie in iemand glo van wie hulle nog nooit gehoor het nie (**Romeine 10:14,17**).
5. **Dank:** Vergewe my dat ek die Bybel wat ek het as vanselfsprekend aanvaar en dat ek nie my Bybel genoeg lees nie en dat ek nie bly genoeg is oor U Woord nie – dit is meer werd as goud (**Psalm 119:14,72**).

Saterdag 22 November 2008

Twee en twintigste op die Wêreldvervolgingslys: Azerbeidjan

Oorsig: Daar is Azerbeidjanse evangeliese kerke en waarskynlik 20 000 Azerbeidjanse Gelowiges in die land – 'n vyftigvoudige vermeerdering sedert 1990. Christenskap word deur die plaaslike inwoners geassosieer met Russiese imperialisme en die besetting van 'n groot deel van die Azerbeidjanse gebied deur Armenië. Die oopheid wat daar na onafhanklikheid vir die evangelie gekom het, word teëgewerk deur gegriefdheid, opkomende nasionalisme en wetlike beperkings op evangelisasie wat op Moslems en die propaganda van Islam gerig is.

Gebed: Loof die Here vir die groeiende getal Azerbeidjanse gelowiges sedert 1990. Bid dat die hindernisse waarmee die Christene gekonfronteer word, uit die weg geruim sal word en dat baie Azerbeidjaners vrede in die Here sal vind. Bid ook vir 'n sterk kerk en effektiewe, nederige, sensitiewe en liefdevolle geloofsgetuienis aan die meerderheid Moslembevolking. Bid tot die Here vir meer werkers en vrug op hulle arbeid.

Sondag 23 November 2008

Memoriseer

U, Here, U is my hoop, op U, Here, het ek van jongs af vertrou. U is my hulp van my geboorte af, reeds voor ek in die wêreld gekom het, het U my beskerm. U loof ek gedurigdeur (**Ps.71:5-6**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Ongeletterdheid en Bybels

The Easy-to-Read Version is onlangs deeglik hersien. ('n Hele aantal faktore het daartoe aanleiding gegee). Die teikenlesers het o.a. verander. Hoewel *The English Version for the Deaf* steeds aan die behoeftes van die dowe gemeenskap voldoen (en om dié rede steeds onveranderd gepubliseer sal word), word die verspreiding van die *Easy-to-Read* Version nou gerig op evangelisasie-uitreiking na horendes, hetsy binnelands (soos bedienings aan gevangenes, haweloses, of kinders), of buitelands. Sommige kenmerke van die weergawe vir dowes wat met die oog op horendes verander moes word, is voor die hand liggend.

(Webruimte: http://www.wbtc.com/site/News2?page=NewsArticle&id=6003). Bid asseblief vir hierdie proses en veral ook vir dié in ander tale. Bid vir die Here se bonatuurlike tussenkoms sodat Sy Woord vir ongeletterde mense werklik en persoonlik kan word. Loof die Here vir die nuwe vertalings op 'n graad drie-leesvlak wat vir 1,2 miljard mense beskikbaar is.

Nege en twintigste op die Wêreldvervolgingslys: Broenei

Oorsig: Die Broenei-regering vereis dat burgers Moslems moet wees as hulle vir sekere werk aansoek wil doen. Dekrete van die 1990's het die viering van Kersfees, die invoer van Christelike lektuur en kontak met Christene in ander lande verbied. Uitreiking na Maleisiërs word nie toegelaat nie, maar die regering bied aansporings aan mense as hulle hulle tot Islam bekeer.

Gebed: Bid dat die mense van Broenei na die lewende God sal begin soek. Bid dat die uitgeweke Gelowiges (buitelanders in Broenei) geleenthede sal vind om oor hulle geloof te praat en ook guns om hulle visums en werkspermitte te laat verleng. Bid dat die Broeneise regering se gesindheid teenoor evangelisasie en aanbidding sal versag.

Maandag 24 November 2008

Gebedsfokus op redding: Mense wat by watersuiwering betrokke is

"… maar wie van die water sal drink wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee" (**Joh.4:14**). Bid vir die redding van ingenieurs, regeringsamptenare en werkers wat verantwoordelik is vir watersuiwering in lande. Bid dat hulle sal verstaan dat God hulle van hulle sondes wil reinig en dat Jesus self die lewende water is. Bid dat hulle hoogstaande werk sal doen, verantwoordelike besluite sal neem en die vermoë sal hê om die huidige bedreigings vir watersuiwering doeltreffend aan te pak.

Agt en twintigste op die Wêreldvervolgingslys: Kuba

Oorsig: Die Katolieke Kerk is verreweg die grootste groep hier. In die vroeë jare van Fidel Castro en kommunisme was daar streng beheer oor kerklike aktiwiteite en onderdrukking van godsdiensvryheid. Sedert 1990 het die druk verminder en die 1992-grondwet het diskriminasie teen Christene as onwettig verklaar. Periodieke teistering van Christene duur egter voort. Dit is feitlik onmoontlik om kerke te registreer en om boupermitte te bekom. Daar bestaan ongeveer 900 wettige en 15 000 onwettige huiskerke.

Gebed: Loof die Here vir elkeen wat by 'n huiskerk betrokke is en vir die moed om daarmee voort te gaan, ondanks die feit dat hulle nie toestemming gekry het om wettig te bestaan nie. Bid vir Raúl Castro en sy regering, vir groter openheid vir en aanvaarding van die evangelie. Bid vir die kinders vir wie buitemuurse skoolaktiwiteite doelbewus op Sondagoggende gereël word om hulle van Sondagskool weg te hou. Vra die Here om vir die priesters en kerkleiers die woorde in die mond te lê wanneer hulle ondervra word.

Dinsdag 25 November 2008

Sestiende op die Wêreldvervolgingslys: Katar

Oorsig: Die grondwet verleen vryheid van godsdiensbeoefening en verbied diskriminasie op grond van geloof, maar dit bly onwettig om die evangelie aan Moslems bekend te stel. Die uitgeweke (buitelanders in Katar) Christengemeenskap word toegelaat om ruimte te huur vir die doel van openbare aanbidding en wetlike status is aan baie Christelike denominasies toegestaan, maar daar is nogtans baie min Gelowiges in Katar. Die publikasie, invoer en verspreiding van nie-Islamitiese godsdienstige lektuur is verbode. Individue kan egter Bybels invoer, maar slegs vir eie gebruik.

Gebed: Prys die Here dat godsdienstige materiaal vir Kersfees en Paasfees nou geredelik in winkels verkrygbaar is. Bid dat Arabiese Bybels ook binnekort maklik beskikbaar sal wees. In die staatskole is onderrig in Islam verpligtend – bid dat Katar-kinders die reddende genade van Jesus Christus sal leer ken.

GEBEDSFOKUS OP INVLOEDRYKE MENSE

Alle mense kan ander mense beïnvloed, ten goede of ten kwade. Tog is daar mense wat uiters invloedryk is en wat die lewe van miljoene op 'n wêreldwye skaal kan beïnvloed. Nie almal van hulle dien die Here Jesus nie. In hierdie kort oorsig kies ons 10 van die 100 mense in die wêreld wie in 2008 aangewys is as die invloedrykste ter wêreld. Ons moet vir hulle bid dat hulle aan God die eer sal gee en dat hulle Sy instrumente sal word sodat miljoene oorreed kan word om Jesus Christus as hulle verlosser te aanvaar. Ons moenie moeg word om volhardend te bid vir hierdie mense en vir baie ander soos hulle nie. As jy deur die volgende gebedsaanwysings bid, wil jy nie daaraan dink om ander ook aan te moedig om vir hierdie en vir ander invloedryke persone te bid nie, sodat hulle hul lewens onvoorwaardelik aan Jesus sal gee, sal erken dat Hy Here is en dat hulle hul aan Sy Heerskappy sal onderwerp.

1. **Die Dalai Lama** – 72 jaar oud – word beskou as die leier van die Boeddhiste. Vra die Vader om Jesus Christus op 'n kragtige wyse aan hierdie man te openbaar deur die werking van die Heilige Gees. Vas en bid vir sy radikale bekering tot Christus voordat hy sterf en dat hy sal erken dat Jesus Here is en hom aan Sy Heerskappy sal onderwerp.
2. **Kevin Rudd** - 50 jaar oud – verkies tot Eerste Minister van Australië in November 2007. Jare lank het die Australiese regering geweier om die Aborigine (inboorlinge van Australië) vergifnis te vra vir dit wat aan hulle gedoen is in die verlede – veral vir die sistematiese verwydering van kinders van hulle ouers in die 1970's. Nadat hy verkies is, het hy 'n formele verskoning uitgereik aan die Aborigine oor die algemeen en ook aan die oorblywende lede van gesteelde generasies, hulle gesinne en familielede. Vra dat hierdie man in 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus sal kom, guns by sy mense sal kry en suksesvol sal wees as regeerder.
3. **Muqtada Al-Sadr** - 34 jaar oud – Sjiïtiese leier in Irak. Hy geniet die ondersteuning van die Sjiïtiese massas en so beheer hy stabiliteit in Suid-Irak. Hy is in staat om die oorlogsugtige koalisie te beheer, maar ook die politieke vordering in Irak te ontwrig in die komende provinsiale verkiesings. Hy is in 'n posisie om wêreldgebeure te verander. Bid dat hierdie man drome en visioene van die Here Jesus sal ontvang sodat hy kan help om vrede in die Midde-Ooste te bewerkstellig, sy lewe aan Jesus oorgee en 'n ambassadeur vir Die Koninkryk van God in Irak word.
4. **Baitullah Mehsud** – in sy middel 30's – 'n stamleier in Pakistan. Hy word daarvan verdink dat hy die meesterbrein agter die sluipmoord aanval op Bhutto was. In sy eerste televisie-uitsending het hy daarop aanspraak gemaak dat hy gewelddadige aanvalle op sekere westerse volkere beplan. Die Pakistani regering sal iets moet doen aan die dreigemente van hierdie man. Roep tot die Vader vir sy bekering. Vra ook vir die bekering van sy volgelinge en dat God veranderinge in die lewe van hierdie volgelinge sal bewerk wat tot Sy verheerliking sal strek.
5. **Oprah Winfrey** – 54 jaar oud – aanbieder van 'n gewilde geselsprogram met 'n internasionale gehoor. Sy het die afgelope 20 jaar daaraan gewerk om verhoudings met haar kykers en lesers te bou. Sy beïnvloed miljoene deur, soos sommige beweer, die geringste standpunt wat sy inneem. Vra dat Oprah die Jesus van wie sy weet, sal leer ken. Vra dat dit 'n groot invloed sal hê op die manier waarop sy haar program aanbied en haar persoonlike lewe lei. Bid dat haar getuienis miljoene sal oortuig om Jesus te kies as die enigste God wat gedien moet word.
6. **Kaká** – 26 jaar oud – besondere jong sokkerster van Brasilië. Hy is aangewys as die FIFA Wêreldspeler van die Jaar sowel as die Europese Voetbalspeler van 2007. Hy is nou 'n ster en hy is 'n toegewyde evangeliese Christen. Hy het in die openbaar bely dat hy graag 'n prediker sal wil word as hy ophou sokker speel. Nadat hulle die Europese kampioenskapsliga gewen het verlede jaar, het hy sy trui uitgetrek waaronder hy 'n T-hemp aangehad het met die woorde: EK BEHOORT AAN JESUS. Loof die Here vir die kragtige getuienis van hierdie jongman. Bid dat hy standvastig in sy geloof sal bly, nie voor versoeking sal val nie en dat baie vir Jesus sal kies na aanleiding van sy getuienis.
7. **Sheik Mohammed al-Maktoum** – 58 jaar oud – heerser van Dubai. As alleenheerser van sy land sedert 2006 het hy hierdie woestyn-emiraat verander in 'n prominente wêreldsentrum vir sake, finansies, handel en toerisme en daardeur Dubai omskep in 'n internasionaal-erkende sinoniem vir sukses in die Midde-Ooste. Dubai is maar net een van die state van die Verenigde Emirate. Bid ernstig vir hierdie man se radikale bekering, die bekering van sy onmiddellike familie en diegene saam met hulle in gesagsposisies. Vra dat hulle getuienis na die ander state sal oorspoel en dat hulle miljoene in Die Koninkryk van die Here sal intrek.
8. **Jacob Zuma** – 66 jaar oud – staan as kandidaat vir die volgende President van Suid-Afrika. Sy retoriese beleid uitsprake ten gunste van die armes vind aanklank by baie gewone Suid-Afrikaners wat nie baat vind by Mbeki se besigheidsvriendelike beleidsrigting nie. Vra vir God om aan hierdie man 'n openbaring te gee van Jesus Christus,

die Seun van God, die Opperleier van die heelal. Bid dat hy homself geheel en al aan die soewereiniteit van God sal onderwerp en dat dit 'n radikale verandering in elke aspek van sy lewe sal meebring - persoonlik sowel as polities en dat hy 'n voorbeeld vir miljoene sal wees.

9. **Madeeha Hasan Odihaib** – 37 jaar oud – vroeër 'n naaldwerkster in Irak. Vier jaar gelede het hierdie moeder van twee streeksraadslid geword en het haar 3 naaimasjiene vermeerder tot 60 en daarmee is 'n sakeonderneming opgebou wat hospitaal lakens en vlae maak. Sy verskaf op die oomblik werk aan 100 vroue in Irak, wat een van die ergste humanitêre krisisse ooit beleef. Bid vir die radikale bekering van hierdie vrou en van al haar werknemers.
10. **Larry Brilliant** – 64 jaar oud – het gehelp met die uitwissing van waterpokkies. Sedertdien werk hy saam met die Verenigde Nasies om blindheid te bekamp in die ontwikkelende wêreld. Sy kennis van die wetenskappe maak hom een van ons groot sosiale entrepreneur-leiers. Bid vir die man se bekering en dat sy getuienis sy invloedsfeer sal aanraak. Vra vir God se guns op sy lewe sodat hy meer betekenisvolle deurbrake in sy veld gedurende sy lewe sal beleef. Bid dat baie Christus as Here sal aanneem oor die werk wat hy doen.

(Feite geneem uit, dubbele uitgawe, TIME magazine, 12/05/2008, bll.29-90. Gebede voorgestel deur die outeur van hierdie artikel).

Woensdag 26 November 2008

Gesondheid fokus: Veranderinge in die farmaseutiese sektor

Die *Departement van Gesondheid* het nuwe maatreëls voorgestel om die plaaslike farmaseutiese vervaardigings nywerheid te laat herleef, onder andere deur die bespoediging van die registrasie van nuwe geneesmiddels. Dit neem tans vier keer langer vir die registrasie, goedkeuring en kliniese toetse van medisyne in Suid-Afrika as die internasionale standaard tydperk. (Webruimte: http://www.busrep.co.za/index.php?from=rss_&fArticleId=4364977). Bid vir hierdie situasie. Vra dat farmaseutiese maatskappye korrupsie en manipulasie in hulle geledere sal uitskakel en dat talle van hulle Jesus Christus sal aanneem. Vra dat meer bekostigbare medisyne binnekort beskikbaar gestel sal word aan die publiek.

Drie en twintigste op die Wêreldvervolgingslys: Libië

Oorsig: Die regering is verdraagsaam teenoor ander godsdiensgroepe, maar verbied evangelisasie wat op Moslems gerig is. Vervolging van Christene kom van die owerhede en ook van plaaslike inwoners en familielede. Die meerderheid Christene is uitgeweke werkers (buitelanders in Libië). Diegene uit 'n Moslemagtergrond wat Christene word, ondervind baie probleme. Nie-Arabiese Bybels kan ingevoer word maar Arabiese Bybels is streng verbode.

Gebed: Bid dat die Libiese Christene steeds moedig sal bly. Vra die Here dat die Christene volwasse in die geloof sal word en toegerus sal wees om hulle gemeentes in dissipelskap te lei. Vra dat die Here se teenwoordigheid 'n skild sal wees vir die Christene wie se familie en bure hulle verstoot omdat hulle hulle uit Islam bekeer het. Bid ook dat Bybels maklik bekombaar kan word vir elke Libiër en dat die verbod opgehef sal word.

Donderdag 27 November 2008

Gesinsfokus: *Family and Marriage Society of South Africa (FAMSA)*

Die gesin is die kern van die samelewing en as dit verswak of verkrummel, word die stabiliteit van die hele gemeenskap negatief geraak. Dit is dus gebiedend noodsaaklik om hulpbronne te inisieer en te koördineer om 'n gesonde en gelukkige huwelik- en gesinslewe in stand te hou. Maatskaplike werkers met gespesialiseerde opleiding word aangestel om die gemeenskap te ondersteun en *FAMSA* verskaf 'n hoë standaard van keuring en opleiding van hierdie vrywilligers. (Webruimte: http://www.famsa.org.za/about.asp). Dank die Here vir hulle en ook ander organisasies. Bid vir sukses in hulle werk met die baie ontwrigte huwelike. Bid tot God dat Hy mense na vore sal laat kom wat dag en nag sal uitroep vir deurbrake in huwelike en gesinne in ons land.

Twee en dertigste op die Wêreldvervolgingslys: Nigerië (Noord)

Oorsig: Hierdie is 'n kritieke tyd vir 'n nasie wat in April 2007 'n Moslem tot President verkies het. Twaalf noordelike state, waar Moslems in die meerderheid is, het die afgelope ses jaar Islamitiese wetgewing afgedwing. Voorvalle van geweld het baie lewens geëis en dosyne kerke is vernietig. In 2006 is Christene aangeval, sommige doodgemaak, kerke

is afgebrand, huise en winkels is vernietig. Baie mense is ontwortel en die fisiese en geografiese skeiding tussen Moslems en Christene het groter geword.
Gebed: Bid dat die Nigeriese kerk in die noordelike state sal voortgaan om onder volgehoue moeilike omstandighede met die evangelie en die liefde van Christus na mense uit te reik. Bid vir die Christene wat in die onlangse gewelddadige aanvalle gely het, dat die Here hulle sal genees, hulle in staat sal stel om te vergewe en in al hulle behoeftes sal voorsien. Bid dat die owerheid in vrede en geregtigheid sal optree.

Vrydag 28 November 2008
Gesondheid Fokus: Alternatiewe MIV behandeling
Met die pandemie 20 jaar oud, soek mense na nuwe maniere om met MIV saam te leef en alternatiewe medisyne het deel van die antwoord geword. (Webruimte: http://www.iolhivaids.co.za/index.php?fSectionId=&fArticleId=4361554). Nadat baie opvoedingskemas getoets is (opvoeding, voorbehoedmiddels ens.) blyk dit dat dit nie regtig enige verskil maak aan die aantal mense wat steeds infekteer word nie. Laat ons die Here aanroep vir mense wat immorele, losbandige en goddelose lewens ly en vra dat die Here hulle oë sal oopmaak vir die realiteit van hulle lewenstyl. Bid dat hulle Hom sal aanroep en sal wegdraai van 'n verkeerde lewenswyse. Bid ook vir onskuldige mense wat geïnfekteer word. Bid veral vir die versorging van MIV wesies en dat die kerk toenemend hulle verantwoordelikheid in dié verband sal opneem.

Drie en dertigste op die Wêreldvervolgingslys: Djiboeti
Oorsig: Die grondwet verklaar Islam as die staatsgodsdiens, maar maak ook voorsiening vir godsdiensvryheid. Oor die algemeen respekteer die regering hierdie reg in die praktyk en pas nie sanksies toe op diegene wat Islam-voorskrifte ignoreer of ander gelowe aanhang nie. Godsdiensgroepe moet wel registreer, maar in 2006 (anders as in vorige jare) was daar geen berigte dat groepe hierdie reg ontsê is nie. Daar is geen wetlike verbod op openlike evangelisasie nie, maar dit word ontmoedig.
Gebed: Daar is baie min evangeliese Christene in Djiboeti. Bid dat hulle getuienis doeltreffend en vrugbaar sal wees en dat Gelowiges wat geïsoleer is en druk van hulle Moslemfamilie oor hulle geloof ervaar, versterk sal word in die Here. Vra vir God om die deur vir doeltreffende evangelisasie oop te maak en jong gelowiges tot dissipelskap te lei.

Saterdag 29 November 2008
Dertigste op die Wêreldvervolgingslys: Indië
Oorsig: In die grootste demokrasie ter wêreld is daar nou in sewe state wetgewing teen bekering wat al hoe meer deur ultra-nasionalistiese Hindoes gebruik word om Christene te teister. Berigte van dreigemente teenoor leraars, arrestasies op vals aanklagte, aanranding en selfs moord het toegeneem, met tans 'n gemiddeld van een voorval elke derde dag. Baie van die Dalits, die "onaanraakbares", die laagste stand in die Hindoe-samelewing, bekeer hulle tot die Christendom. Dit is een van die redes waarom die Hindoe-nasionaliste die Christene teiken.
Gebed: Loof die Here vir die duisende Dalits wat hulle tot die Christendom bekeer. Vra dat hulle dissipels sal word, dat elkeen 'n Bybel sal kry en dat hulle verhouding met die Here Jesus al sterker sal groei. Bid dat daar met geregtigheid teenoor die Christene opgetree sal word en dat hulle dieselfde behandeling van die regering sal kry as die Hindoes. Vra dat die leraars en kerkleiers wat nie oor die nodige opleiding beskik nie, dit sal kan kry. Dra ook die medewerkers van *Geopende Deure* wat Christelike materiaal, bronne en opleiding aan leiers verskaf, in gebed aan die Here op.

Sondag 30 November 2008

Memoriseer
God wek ontsag wanneer Hy uit sy heiligdom kom. Hy is die God van Israel, Hy gee krag en sterkte aan Sy volk. Aan God kom die lof toe (**Ps.68:35**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling: Gepaste bewoording in Bybelvertaling
In een Engelse vertaling sê **Johannes 20:2:** "They have taken away the Lord and we don't know where they have laid him." In die Bontoc-taal van die Filippynse Eilande is twee veranderings nodig om te sê dat iemand dood is. Dit moet soos volg lees: "They have taken away the Lord's body and we don't know where they have put it." Anders klink dit of Christus nie werklik gesterf het nie. Bid dat vertalers bewus sal wees van die geskikste bewoording om die betekenis korrek oor te dra. (Webruimte: http://www.wycliffe.net).

Ses en dertigste op die Wêreldvervolgingslys: Sri Lanka
Oorsig: Na twee dekades van burgeroorlog tussen die Hindoe Tamil Tigers en die regering van die Boeddhistiese Sinhalese meerderheid, het geweld weer uitgebreek. Kerke huisves honderde vlugtelinge, wat weer vergeldingsklopjagte deur die leër tot gevolg het. Vandat die Boeddhistiese monnike in 2002 met hulle veldtog vir wetgewing teen bekering begin het, het gewelddadige bendes meer as 160 kerke aangeval. Namate die burgeroorlog en godsdienstige teistering saamsmelt, vrees die Christene verdere skending van godsdiensvryheid.
Gebed: Bid vir 'n besliste beëindiging van die burgeroorlog sodat Sri Lanka vrede kan verkry. Bid dat die wetgewing teen bekering nie deurgevoer sal word nie en dat die kerke en individue teen aanvalle beskerm sal word. Bid dat Boeddhistiese monnike self 'n openbaring van God sal kry. Loof die Here vir die moedige getuienis en groot deernis van die kerk in Sri Lanka.

Maandag 1 Desember 2008
Gebedsfokus op redding: Verpleegpersoneel
Ek wil die Here loof en nie een van Sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees (**Ps.103:2-3**).
Verpleegpersoneel word oor die algemeen nie goed betaal nie. Hulle werk lang ure waarin hulle kontak het met pasiente wat pyn, ongemak en trauma ervaar. Laat ons vir hulle redding bid sodat hulle hulle werk met die nodige verantwoordelikheid sal verrig, volgens etiese norme en met ywer. Vra dat hulle die waarheid en vrymaking van verlossing sal verstaan, dat hulle sensitief sal wees en die evangelie met hulle pasiënte sal deel, vir hulle sal bid en hoop sal bring vir die honderde wat hulle maandeliks versorg. Bid dat hulle lewe in Christus hulle sal help om nie klinies te word nie, maar dat hulle elke persoon as 'n unieke individu sal bly beskou.

Gebedsfokus op wêreldgesondheid: *Wêreldvigsdag* 2008
Wereldvigsdag se fokus is om 'n beroep op regerings, beleidsmakers en streeksgesondheidsorganisasies te doen om te verseker dat hulle die vele teikens wat gestel is om MIV/VIGS te bestry, teen 2010 bereik. (Webruimte: http://www.avert.org/worldaid.htm). Bid asseblief dat alle sektore van die samelewing, soos gesinne, gemeenskappe en burgerlike maatskaplike organisasies – eerder as net regerings – die inisiatief sal neem en leiding sal gee met betrekking tot die stryd teen VIGS. Bid ook dat die kerk sy posisie sal opneem in ooreenstemming met God se bepalings.

GEBEDSAKTIWITEIT IN DIE OOS-KAAP

HOE HET HIERDIE GEBEDSWAG TOT STAND GEKOM?

Oor die jare was daar verskeie onafhanklike gebedsgroepe wat die vaandel van gebed in die Metropool gedra het. Dit was egter na twee konferensies gedurende 2001 en die vestiging van die *Christelike Transformasienetwerk vyf* jaar gelede, dat die netwerk in sy huidige vorm beslag gekry het. Die eerste georganiseerde poging was die mobilisering van gebedspanne in sekere geografiese streke met die aanwysing van 'n koördineerder vir elke streek. Gebedsinisiatiewe is aanvanklik aan die streke en koördineerders oorgelaat, maar is met verloop van tyd meer sentraal gekoördineer. Met die samewerking van kerkleiers is gemeente-koördineerders en -spanne aangewys wat maandeliks vir 'n ontbyt bymekaargekom het en waartydens toerusting gedoen en inisiatiewe bespreek is. Die plaaslike aanbieding van die *Wêrelddag van Gebed* in streke, het gelei tot die ontstaan van groepe geestelike leiers ('fraternals') regoor die Metropool, waar kerkleiers begin het om verantwoordelikheid vir die gebedsbeweging te aanvaar. Dit het die grondslag gelê vir die vestiging van 24/7 gebedswagte waarin kerkleiers instrumenteel is. Op die oomblik is daar meer as 40 gemeentes wat hulle reeds tot 24/7 gebed verbind het. Die 24/7 gebedsmodule is gekies as prioriteit vir die transformasienetwerk se

aktiwiteite vir 2008 en ook van hierdie jaar se *Wêrelddag van Gebed*. Gemeentes word genooi om een dag per week of ten minste een dag per maand 24 uur lank te bid.

Gebed vir die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en Korrektiewe dienste*

Op 17 Augustus 2005, op 'n gesamentlike byeenkoms van die plaaslike *Transformasienetwerk* en die *SAPD,* het die stasiebevelvoerder en twee voorbidders van Sophiatown-*SAPD* hulle getuienis kom gee. Na aanleiding hiervan het die destydse *Provinsiale Polisiekommissaris* die *Transformasienetwerk* gevra om gebedsgroepe te stig in al die polisiestasies binne die Metropool. Hierdie doel is binne 'n jaar bereik. Tans word 22 polisiestasies deur gebedspanne bereik. Gebedspanne doen verantwoording aan die plaaslike polisiekapelane sowel as aan die koördineerders van die netwerk.

Die deur het ook oopgegaan by *Korrektiewe Dienste*. Gebedspanne word tans gemobiliseer om weekliks een gevangenis te besoek. Die vertrouensverhouding tussen die gebedsnetwerk en beide die *SAPD* en *Korrektiewe Dienste* is van so 'n aard dat die netwerk gereeld genooi word na ander gebedsbyeenkomste en ook om die personeel geestelik te bedien.

WATTER WENKE KAN JY AAN ANDER GEE WAT GRAAG MET 'N GEBEDSWAG WIL BEGIN OF WAT DALK 'N BIETJIE SUKKEL?

'n Basiese infrastruktuur en toegewyde personeel wat 'n kantoor daagliks beman, is noodsaaklik, veral in groter sentra soos hier by ons. 'n Oorkoepelende bestuur met geografiese koördineerders werk goed. 'n Netwerk word gebou en in stand gehou op grond van die vertrouensverhoudings wat met verloop van tyd tussen rolspelers ontstaan en ontwikkel. Dit beteken opofferings, ure en ure se vergaderings, gesprekke, besoeke, oproepe en korrespondensie. Gereelde byeenkomste is onontbeerlik en die aantal byeenkomste word deur die aard van die inisiatief bepaal.

WAARVOOR MOET ONS VERSIGTIG WEES?

Vermy ten alle koste die persepsie dat 'n gebedsbeweging net aan 'n paar individue of 'n spesiale groep mense behoort. Vestig die beginsel dat gemeentes en gewone lidmate die sleutel hou tot 'n suksesvolle geografiese gebedsbeweging. Gebedsleiers staan onder die gesag van hulle plaaslike leiers en die gemeente se koördineerders moet deeglik oor hulle rol en funksie ingelig wees. Die gebedspan moet ten alle tye hulle geestelike leiers ondersteun, ondergeskik wees en waak teen 'n gesindheid van kritiek en 'n begeerte om te domineer of te manipuleer.

SIEN JULLE VRUG OP JULLE GEBEDE?

Ons sien deure oopgaan. Skole, polisiestasies, tronke, staatsdepartemente, sakeondernemings en baie ander deure is besig om oop te gaan. Jy kan by enige plek instap en vir die mense vra of jy vir hulle kan bid en daar sal positiewe reaksie wees. Baie vra jou om terug te kom en ander vra jou om te bly. As ons maar net genoeg mense gehad het om die werk te doen! Kerkeenheid het oor die afgelope paar jaar dramaties verbeter en die samewerking word al hoe beter. Op ekonomiese gebied is daar baie sterk groei in die toerismebedryf, wat sowel buite- as binnelandse toerisme betref. Meer en meer toeriste kies Port Elizabeth as vakansieplek of as vertrekpunt na hulle vakansiebestemmings. Iets wat ons dalk nie moet miskyk nie, is dat ons hierdie jaar nog net een kort kragonderbreking gehad het! Daar is krag in gebed!

KONTAKBESONDERHEDE

Transformasie Christelike Netwerk – Nelson Mandela Baai: tel.: 041 581 5726. Skakel Pierre van Wyk by 083 370 3592 of Joan Keeling by 084 766 2270.

Dinsdag 2 Desember 2008

Jeug fokus: Begin van die S.A. vakansieseisoen

Die skole sluit hierdie week vir die vakansie. Bid asseblief dat die kinders wat nou alleen tuis moet bly nie vir die 'pret' betrokke sal raak by skadelike praktyke soos dwelm en alkohol misbruik nie. Vra dat hulle 'n honger en dors na goeie dinge sal hê en veral dat hulle die Woord van God sal verken en saam met vriende sal bid en sal praat oor kwessies wat hulle pla. Bid asseblief vir hulle en veral vir die matrikulante se beskerming en dat hulle nie gedurende hierdie tyd sal selfmoord pleeg nie.

Gebedsfokus op evangelisasie: Nuwe radiostasie vir die Yao-gemeenskap

'n Opwindende *FM Radio*-stasieprojek (20 km vanaf die suidkus van die Malawi-meer) het met uitsendings van Christelike programme vir tagtigduisend plattelandse Yao-mense in die streek begin. Dit is letterlik van die grond af opgebou, met die gebruikmaking van plaaslike bronne en arbeiders. Uitsendings het in September 2008 begin. Prys die Here vir die totstandkoming van hierdie projek. Bid vir die personeel en ook vir wysheid met navorsing sodat meer mense doeltreffend bereik kan word. Bid ook vir die voorsiening van radio's aan arm mense sodat hulle die evangelie kan hoor. (*FEBA Radio South Africa*, Posbus 26270, Gezina, 0031. Tel.: 012 335 5708, faks: 012 335 8134. Webwerwe: http://www.febaradio.co.za , http://www.febc.org of e-pos: febasa@corpdial.co.za).